SELFOON- EN ELEKTRONIESE-TOESTELBELEID

☎012 661 2341 ✉college@midstreamcollege.co.za

☎012 661 2341 college@midstreamcollege.co.za

INDEKS

1.	Inleiding	3
2.	Elektroniesetoestelbeleid	3
3.	Dissiplinêre maatreëls	3

☎012 661 2341 college@midstreamcollege.co.za

1. INLEIDING

In 'n poging om digitale afleidings gedurende klastyd te verminder en tydens pouses gesonder sosiale interaksies tussen leerders te bevorder, sal ons vanaf 4 Augustus 2025 'n nuwe Elektroniese Toestelbeleid implementeer.

By 'n onlangse ouervergadering, was daar ’n sterk konsensus dat leerders nie gedurende die skooldag toegang tot hul selfone moet hê nie. Dit is in lyn met 'n toenemende internasionale neiging: sedert 2018 het ongeveer 80 lande 'n verbod op selfone gedurende skoolure ingestel, en baie Suid-Afrikaanse skole het hierdie tendens gevolg.

Ons waardeer u ondersteuning en hulp om 'n omgewing te skep wat die leerervaring en leerders se welstand prioritiseer. Indien u in 'n noodgeval u kind gedurende die skooldag moet kontak, moet u asseblief die skoolkantoor direk skakel.

2. BELEID VIR ELEKTRONIESE TOESTELLE

2.1 Selfone by die skool

Selfone mag gedurende skoolure (Maandag tot Donderdag [07:30 – 14:00] en Vrydag [07:30 – 13:30]) in 'n leerder se besit wees, maar moet te alle tye afgeskakel wees en mag glad nie sigbaar wees nie.

2.2 Slimhorlosies

Slimhorlosies met internet- of foonverbinding mag nie gedurende skoolure gebruik word nie.

2.3 Tabletgebruik tydens pouses

Jy word aangemoedig om gedurende pouse met medeleerders of personeellede te kommunikeer ten einde jou sosiale vaardighede te bevorder en skermvrye tyd te verkry. Indien jy dringend vir akademiese doeleindes van jou tablet gebruik moet maak, kan dit in die biblioteek of 'n klaskamer gedoen word met die nodige toestemming van 'n personeellid.

2.4 Oorfone

Sodra jy ’n klas verlaat mag geen oorfone op enige plek op die skoolterrein gebruik word nie. Oorfone mag in jou besit wees, maar hulle mag glad nie sigbaar wees nie en mag beslis nie in jou ore wees nie. Indien 'n personeellid jou toestemming gee om oorfone in 'n klas te gebruik, mag jy dit slegs vir daardie tydperk of sessie gebruik.

2.5 Toetse en eksamens

Geen elektroniese toestel, behalwe goedgekeurde sakrekenaars, mag tydens 'n toets of ondersoek gebruik word nie.

2.6 Tabletgebruik

- Tablette mag slegs as 'n akademiese toestel gebruik word.
- Nie-akademiese toepassings word nie op tablette toegelaat nie.
- Tablette mag nie SIM-kaarte bevat nie.
- Leerders mag nie tablette tydens pouses gebruik nie.

3. Dissiplinêre maatreëls

- Indien 'n leerder gedurende skoolure in besit van 'n selfoon gevind word, sal die selfoon gekonfiskeer word, en ouers moet dit by die skoolkantoor afhaal.

☎012 661 2341 college@midstreamcollege.co.za

- As die selfoon op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag gekonfiskeer word, kan dit Vrydagmiddae na skool voor 14:30 afgehaal word.
- Selfone wat op Donderdae en Vrydae gekonfiskeer word, kan die volgende Maandag na skool voor 14:30 afgehaal word.
- Leerders sal ook vyf demeriete vir selfoonoortredings ontvang.
- Leerders wat nie-akademiese toeps op hul tablette het, sal demeriete ontvang.

Goedgekeur:	Augustus 2025
Aangepas:	Augustus 2025
Volgende evaluering:	Augustus 2026

☎012 661 2341 college@midstreamcollege.co.za